# JEUGLES – My identiteit in Christus 2

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: Real or Fake PPT / Brain teaser

## 3. PROCESS DIE YSBREKER:

- Ons het verlede week gepraat oor my identiteit in Christus, m.a.w, wanneer ek die dag my lewe vir Jesus gee – WIE is ek dan – HOE lyk ek dan, WAT sien God wanneer Hy na my kyk
- Nou wat het hierdie ysbreker nou daarmee te doen? ALLES!!
- Die prentjie wat jy van jouself het, en wat God van jou het is anders, dit het ons verlede week gesien met die 2 bome wat julle geteken het, so ons kan eintlik sê dat die een prentjie van jou real is, en die ander prentjie fake. Partykeer is daar 'clues' weggesteek wat jy net moet leer om raak te sien / of te lees.
- Die prentjie wat GOD van jou het, is die REAL prentjie, en die een wat JY van jouself het is die FAKE een.

***GOD SE PRENTJIE VAN JOU:***

- God het jou self gemaak
- God het jou lief
- God het 'n plan met jou lewe
- Jy is kosbaar vir God
- Jy is belangrik vir God
- God het jou sondes vergewe
- God het jou gered uit die vyand se kloue
- God ken JOU naam
- God noem jou Sy kind, Sy eiendom

## 4. VRAE IN DIE GROEPE:

***Vraag 1***: Hoekom dink JULLE lyk die 2 prentjies van jou anders, die een wat JY het van jouself, en die een wat God van jou het?

*Moontlike antwoorde*: jy glo nie dit wat God oor jou sê nie, die satan vertel vir jou 'n klomp leuens rondom dit, jy verstaan nie mooi hoe dit werk nie, jy het nie al die inligting nie, dis te groot vir ons om werklik te verstaan.

***Vraag 2***: Nou hoe nou gemaak, HOE gaan ons dit regkry om hierdie prentjie wat ons van onsself het met God se prentjie te vervang?

*Antwoord*: daar is net EEN plek waar ons dit kan kry, en dit is in God se Woord – Die Bybel. Hoe meer ons die Bybel lees, hoe meer gaan ons dit sien, en hoe meer ons dit sien, hoe meer gaan ons dit glo. Ons gaan natuurlik ook bid en die Heilige Gees vra om ons te help om dit te glo, hierdie prentjie wat God van ons het versus ons prentjie.

## 5. ‘n PAAR TIPS OM ONS TE HELP: Groepleiers doen in die kleingroepe

Hier is ‘n 3 tips om mee te begin, kyk of julle dit kan kry.

### *TIP 1:*

| | |
|---|---|
| ***2 Kor 5:17*** | - Iemand wat aan Christus behoort, is ‘n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. |
| ***Antwoord:*** | Ek moet aan Jesus behoort – my Hart / Lewe vir Hom gee, om hierdie nuwe identiteit te kan kry! Dis NIE vir ongereddes nie! |

### *TIP 2:*

| | |
|---|---|
| ***Kol 3:2*** | Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie |
| ***Antwoord:*** | Die dinge wat vir God belangrik is, moet vir ONS belangrik raak, ons moet ANDERS na dinge, mense en onsself begin kyk, deur God se oë |

### *TIP 3:*

| | |
|---|---|
| ***1 Joh 2:15*** | Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. |
| ***Antwoord:*** | Wat God wil hê moet vir ons belangriker raak as wat EK of die wêreld / mense / maats van my wil hê |

## 6. GOD SE PRENTJIE VAN MY: Annatjie lees in die grootgroep

Kom ons voeg gou nog 4 goed by die prentjie van verlede week wat jou dalk sal help:

- ***Eksodus 14:14***: Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg

- ***Ef 2:10***: Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

- ***Rom 8:37***: Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet

- ***Sef 3:17***: Die Here jou God is by jou, Hy die krysman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

## 7. VRAE OM IN DIE GROEPE TE BESPREEK:

- Het jy al ooit voorheen gevoel dat jy werd is om voor baklei te word? Hoekom / nie?
- Het jy al ooit voorheen jou Bybel gevat om te lees wat God van jou dink?
- Pla dit jou wat ander mense van jou dink?
- Verander die feit dat God jou SY handewerk noem die manier hoe jy oor jouself dink en voel?
- Het jy geweet dat God vol vreugde oor jou is? Hoe laat dit jou voel?
- Het jy ooit aan jouself as ‘n oorwinnaar / ‘n wenner gedink? Wat van NOU?
- Gaan jy probeer om meer oor God se opinie van jou te dink as dit wat mense van jou dink?
- HOE kan jy kies om mense se opinies van jou aan jou te laat kleef of van jou te laat afgly?
- Gaan jy hierdie week probeer om meer Bybel te lees en uit te vind wat God nog van jou dink?